N10/1/A1AFR/SP1/AFR/TZ0/XX

88100003

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Friday 5 November 2010 (afternoon)
Vendredi 5 novembre 2010 (après-midi)
Viernes 5 de noviembre de 2010 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.


© International Baccalaureate Organization 2010

*Skryf kommentaar op* ***een*** *van die volgende.*

**1.**

Verlede jaar het die Britse skrywer Paul Johnson, ’n nogal konserwatiewe denker, ’n interessante boek gepubliseer met die titel *Heroes from Alexander the Great to Mae West*.

En dit is natuurlik veral die verwysing na Mae West wat die aandag trek. Hy is dan ook beslis in sy mening dat ’n mens nie net na mans moet kyk as jy na helde soek nie. Trouens, baie van sy helde is vroue – ook uit die Bybelse tyd.

Johnson wys daarop dat Homeros na die ou Griekse helde as Υρω-ες (*heroes*) verwys het. Dit was mans met bomenslike krag, moed (of dapperheid), bekwaamheid en die geliefdes van die gode.

Johnson vat kortpad en sê:

“Anyone is a hero who has been widely, persistently over long periods, and enthusiastically regarded as heroic by a reasonable person.”

Hy wys ook daarop dat iemand wat vandag ’n held is, môre ’n skurk kan wees. So was Livingstone in Victoriaanse tye ’n groot held, maar vandag word hy as ’n rassis beskou. Genghis Khan, daarenteen, is ’n millennium lank as ’n massamoordenaar en ’n verkragter beskou, maar vandag word in Azerbaidjan en Mongolië standbeelde vir hom opgerig en word hy as ’n held beskou.

In die ou dae was dit maklik om helde uit te ken. Hulle was die manne met die spiese, gewere en selfs slingervelle, soos koning Dawid. In die Weste is manne soos Wellington, Nelson, Washington en natuurlik Churchill vandag steeds helde. Vrouehelde wat nog onthou word. is Deborah van die Bybelse tyd, Johanna van Arkel (Jeanne d’Arc), Florence Nightingale, moeder Teresa en nog baie ander.

Die Afrikaners het self besondere vrouehelde, soos die vroue van die Anglo-Boereoorlog vir wie daar so ’n mooi monument opgerig is, en Emily Hobhouse.

Wat mans betref, kan die Afrikaner van die laaste eeu nie juis spog nie. Weliswaar was daar die Boeregeneraals wat vandag nog vereer word, maar mense soos P.W. Botha, B.J. Vorster, J.G. Strydom en selfs Hendrik Verwoerd wat ’n groot aanhang gehad het, is selfs nou reeds net skadufigure. Suid-Afrika en die ganse wêreld het Nelson Mandela as ’n held, en sy naam sal sekerlik nog lank onthou word.

Atlete soos Natalie du Toit en Oscar Pistorius kan weliswaar as helde beskou word; en dit laat ’n mens wonder wat ’n goeie definisie vir ’n held kan wees.

Wat egter nie vergeet moet word nie, is daar nie net helde van die daad is nie, maar ook van die intellek. die natuurwetenskap en die kunste (veral musiek).

Johnson noem byvoorbeeld die Oostenrykse filosoof Ludwig Wittgenstein ’n held, asook natuurlik sint Thomas More. Dan is daar mense soos Isaac Newton en Charles Darwin, Thomas Edison en Alexander Fleming, terwyl industrialiste en ander miljoenêrs soos Andrew Carnegie, Henry Ford en John Davison Rockefeller ook deur baie as helde beskou word. Die dowe Beethoven kan as ’n held beskou word, of Mozart, Chopin en so baie ander komponiste.

Ure kan bestee word om helde uit te ken. Die eienaardige verskynsel egter is dat hoewel daar groot klem gelê word op dapperheid, krag, kundigheid en ander bekwaamhede en talente, die eintlike eienskap wat helde gemeen het hul kwesbaarheid en weerloosheid is.

Alexander die Grote was ’n uiters komplekse mens met talle demone wat gespruit het uit onder meer sy verhouding met sy vader en sy moeder. Winston Churchill het ’n ongelukkige kindertyd gehad en was vertroud met die “swart hond” van depressie. So kan ’n mens aangaan. Die feit is dat soveel helde gedrewe was deur hul eie komplekse persoonlikhede, persoonlike pyn of net algemene kwesbaarheid.

In dié lig gesien, was Michael Jackson natuurlik ook ’n held. Hy het ondanks sy probleme uit sy kinderdae, ondanks terugslae en vernedering op vyftig weer probeer opstaan.

Die sielkundige James Hillman het op ’n keer geskryf Judy Garland sou nooit die wêreld so met “Somewhere over the Rainbow” kon betower het as daar nie in die agtergrond van haar lewe pille en die geloei van ambulanse was nie. Dit is dan ook nie verbasend nie dat Johnson die Amerikaanse digteres Emily Dickinson en Marilyn Monroe as helde beskou. Almal “kerse in die wind”. Ja, helde het inderdaad voete van klei.

Die groot vraag bly egter: Het ons vandag nog werklik helde wat, soos byvoorbeeld ons Boeregeneraals, oor ’n eeu steeds onthou sal word ten spyte van hul voete van klei?

Cas van Rensburg, Monduitspoel, Bylae tot *Die Burger* (25 Julie 2009)

– Homeros, volgens Johnson, definieer helde as besonder dapper en taai *mans*. Wat in die stuk suggereer dat kontemporêre kritici ’n meer omvattende definisie gebruik om helde te tipeer?

– Hoe suggereer die passasie dat ons idee van die held steeds aan verandering onderworpe is?

– Lewer kommentaar op die wyse waarop die skrywer demonstreer hoe helde teen alle teenstand en rampspoed hulself handhaaf.

– Watter styl-aspekte val jou op in die passasie?

**2.**

### ’n Pass op ’n pap hart

Twee Vrydae gelede toe
– vir die eerste keer in ’n lang tyd –
maak ’n meisie ’n pass op my.
Veral na sy gehoor het
dat ek van ver gekom het vir ’n ander vrou.
Sy sê dis wonderlik,
jy’t jou hart gevolg.
O, as iemand so iets vir haar sou doen …
Sy sê sy’s moeg om Sondae alleen wakker te word.

En ek sê ek’s dalk bietjie dronk,
maar dit werk nie so nie.
Die hart is ’n erdwurm –
jy kan hom nie volg nie.
Jy sny net stukke wurm af,
aspris of per ongeluk,
en hulle sukkel blind aan,
“weiter[1]”
In die seesand van kleintyd
in ander tale
in Ouma se Bybel
in jou ma’le se bedkassie
in ou girlfriends se foto’s
in ou vriende se bier …

Ek sê snags as die huise asem-ophou luister,
hoe die maan ou geheime in kat-ore fluister,
weet jy die hart se brûe bly onverbrand,
selfs al wo on jy ver
in ’n ander land.

Danie Marais, *Nuwe Stemme 3* (2005)

---

[1] weiter: is ’n Duitse woord

– Op watter wyse openbaar die gedig dat dit handel oor ’n *expat* wat in ’n ver land woon?

– Ontrafel die uitgebreide erdwurm-metafoor.

– In jou beskrywing van die toon van die gedig, oorweeg onder andere, die digter se benutting van herhaling.